Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP VRYDAG, 30 MEI 2014 OM 11:45

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh N J A Rust
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Abrahams, M Z (DA)
Cleophas, J H (DA)
Cox-Bruintjies, Y S (TPICO)
Geel, B W (DA)
Papers, C H (DA)
Rangasamy, M (DA)
Sedeman, A C (DA)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Van der Merwe, J I (COPE)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Wilskut, W (DA)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Finansiële Beheer en State, mnr C F Gerber
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die voorsitter open die vergadering.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle C M Cloete, N Fortuin, F C Humphreys, D B Philander, A M Sneewe, N S Zatu.

3. SAKE VIR BESPREKING

3.1 FINALE GOEDKEURING: HERSIENING VAN DIE 2012-2017 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) / ADDENDUM TOT ITEM 3.1: LGMTECH 3 VERSLAG (2/1/4/4/1)

Die Speaker versoek die Uitvoerende Burgemeester om die item toe te lig. Rdh T van Essen noem dat daar geen besware/kommentaar op die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan vanaf die publiek ontvang is nie, maar verwys na verskeie aspekte wat wysigings genoodsaak het, onder andere:

- Jongste diensteagterstande;
- Jongste wyksprioriteite;
- Die publieke persepsie-opname wat gedurende Oktober/November 2013 onder leiding van Prof De Wet Schutte gedoen is;
- Groeipotensiaalstudie van dorpe;
- Streeks Sosio-Ekonomiese Projek (RSEP);
- Die 2014 "*LED maturity assessment*";
- Resultaat van LGMTECH-interaksie op 13 Mei 2014;
- Veranderings in Hoofstuk 7 (Strategie) en die byvoeging van terugvoer oor vordering;

3.1/...

- Die totale herstrukturering van Hoofstuk 8 om die finansiële beplanning en begrotings van alle sfere van regering binne die Swartland munisipale area weer te gee, en so meer.

Die Uitvoerende Burgemeester spreek sy misnoeë uit teenoor die provinsiale departemente wat betrokke was by die LGMTECH 3-proses deurdat daar na afloop van die konsultasieproses aangaande die eerste verslag, nie daarin geslaag kon word om die foute wat uitgewys was, met die tweede verslag reg te stel nie.

Die aangeleentheid word tot stemming gebring, en word beslis (in die afwesigheid van ses raadslede) met veertien (DA) raadslede, een (COPE) raadslid en een (TPICO) raadslid ten gunste daarvan, en word aldus –

BESLUIT TEN OPSIGTE VAN DIE LGMTECH VERSLAG
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer rdl M van Zyl)

(a) Dat daar kennis geneem word dat die volgende wysigings aan die GOP aangebring is, sedert die LGMTECH-interaksie van 13 Mei 2014, synde –
   (i) Inligting oor die nuwe Provinsiale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk is bygevoeg onder Paragraaf 4.3 in Hoofstuk 4;
   (ii) Vordering sedert 2012 met betrekking tot elk van die 7 uitkomste is bygevoeg in Hoofstuk 7;
   (iii) Hoofstuk 8 sluit nou ook in die Munisipaliteit se kapitaalbegroting per geografiese gebied (Paragraaf 8.5) en die hoogste koste projekte - R1 miljoen of meer (Paragraaf 8.6);
   (iv) Inligting oor ekonomiese struktuur en prestasie is bygevoeg onder Paragraaf 1.5 in Bylae 1; en
   (v) Die opskrif van Bylae 3 is verander na "Status van sektorplanne en -beleide" en die Bylae is opdateer om insette van die Provinsiale Regering wat deur die LGMTEC proses in Mei 2014 ontvang is, te akkommodeer.

(b) Dat Swartland Munisipaliteit egter sy misnoeë uitspreek teenoor die provinsiale departemente wat by die proses betrokke was, deurdat vermelde foute in die 2de verslag herhaal is en dat hulle dienooreenkomstig ingelig word;

(c) Dat die Munisipale Bestuurder, die Direkteur: Finansiële Direkteur en die Strategiese Bestuurder, versoek word om die nie regstel van die verslag op die verskeie provinsiale platforms bekend te maak ten einde te poog om geïntegreerde dienslewering te verbeter.

BESLUIT VERDER TEN OPSIGTE VAN DIE HERSIENING VAN DIE 2012-2017 GOP

(d) Dat die Hersiening van die 2012-2017 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP), asook die vyf Areaplanne goedgekeur word.

3.2 A: GOEDKEURING VAN DIE MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFS-BEGROTINGS VIR 2014/2015, 2015/2016, 2016/2017 / B: KOMMENTARE ONTVANG OP DIE BEGROTING / ADDENDUM 1 EN 3 TOT ITEM 3.2 INGESLUIT (5/1/1/1-14/15, 5/1/1/2-14/15, 5/1/4)
[Rdl W Wilskut verlaat die lokaal weens ongesteldheid.]

Op versoek van die Speaker, gaan die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen voort om sy begrotingsrede voor te hou, waarvan 'n afskrif – vir volledigheid – by hierdie notule aangeheg word as Aanhangsel A.

Daar word spesifiek uitgebrei aangaande die besluite voortspruitend uit die kommentaar/besware op die begroting wat ontvang is vanaf die publiek.

Die Uitvoerende Burgemeester, met verwysing na die wysigings aan die finansiële verordeninge en –beleide, noem dat dit belangrik is om daarop te let dat die heffing van riool voortaan op 'n maandelikse basis sal geskied, en nie meer jaarliks nie, en dat dit die verantwoordelikheid van die eienaar bly.

3.2/...

'n Verdere wysiging wat toegelig word, is die kriteria vir finansiële bystand aan hulpbehoewendes/deernisondersteuning wat volledig in die Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid vervat word.

Die aangeleentheid word tot stemming gebring, en word beslis (in die afwesigheid van sewe raadslede) met dertien (DA) raadslede, een (COPE) raadslid en een (TPICO) raadslid ten gunste daarvan, en word aldus –

EENPARIG BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

A: ADMINISTRATIEWE KOMMENTAAR OP DIE KOMMENTAAR WAT ONTVANG IS TEN AANSIEN VAN DIE 2014/2015 WYSIGINGS OP DIE GOP EN BEGROTING (Addendum 1 en 3 ingesluit)

1. **TEN AANSIEN VAN YZERFONTEIN INWONERSVERENIGING SE SKRYWES ONDERSKEIDELIK GEDATEER 17 MAART 2014 EN 1 MEI 2014**

(a) **Verkeer en parkering by Spar**
Dat daar kennis geneem word dat daar in die 2015/16 finansiële jaar – item 43 van die Kapitaal-begroting – 'n bedrag van R255 000 voor begroot is, maar dat die beplanning bespoedig en versnel word om reeds in die 2014/15 te geskied vir moontlike oorweging van konstruksie in 2015/16 en 2016/17, welke uitgawe gedeeltelik teen item 41 van die Kapitaalbegroting verreken moet word met die nodige regstelling tydens die 2015 aansuiweringsbegroting.

(b) **Teer van Volstruislaan**
Dat die versoek van die teer van Volstruislaan nie in die 2014/15 finansiële jaar akkommodeer word nie, maar dat die versoek evalueer word saam met die ander behoeftes wat bestaan, wanneer die bou van strate vir die 2015/16, 2016/17 en 2017/18 finansiële jare gefinaliseer word.

(c) **Plavei van sypaadjies**
Dat daar kennis geneem word van die behoefte, maar dat weens die beperkte fondse en ander meer noodsaaklike behoeftes, daar nie nou 'n aanvang geneem kan word nie.

(d) **Parkering/geskikte terreine vir parkering gedurende vakansietye**
Dat daar kennis geneem word dat alle gewilde vakansiebestemmings, gedurende "hoog-seisoen-tye" parkeer uitdagings ervaar, maar dat daar ongelukkig nie in die 2014/15 finansiële jaar, vir 'n ondersoek voorsiening voor gemaak is nie.

(e) **Openbare toilette (veral in die sakegebied, hoofstrand, hawe en Pearl Bay)**
Dat daar kennis geneem word van die behoefte en dat die voorlopige beplanning en kosteberamings departementeel gedurende 2014/15 gedoen word, met inbegrip van moontlike EIA's, ten einde die omvang van die projek te kan bepaal vir kapitaal- en bedryfsimplikasies.

(f) **Spoedbeheer (veral in Dasseneilandweg) en duwweltjies**
Dat daar volstaan word met die kommentaar, elders in die verslag.

(g) **Haweblad**
Dat daar kennis geneem word dat die haweblad gedeeltelik die eiendom van die Swartland Munisipaliteit is, sowel as die Nasionale Departement van Publieke Werke en dat daar ongeag verskeie poging nog geen sukses behaal is met voormelde departement nie. Verder moet daar kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit voornemens is om R827 000 te spandeer op die herseel en dat verdere pogings aangewend word om 'n bydrae van die departement te bekom al is dit met ingang van 1 April 2015 – die departement se nuwe finansiële jaar.

(h) **Formaat van begroting**
Dat daar kennis geneem word van die YIV se gelukwense of die verbetering van die lesersvriendelike formaat van die begroting.

3.2/...

(i) **Tariewe: Eiendomsbelasting**

(a) Dat daar kennis geneem word van YIV se kommer van die 24% ten opsigte van die landbousektor, welke besluit egter die resultaat is van onderhandelinge met die landbouvereniging en dat daar dus daarmee volstaan word;

(b) Dat daar kennis geneem word van die besorgdheid van die YIV aangaande geringe kapitaalbesteding in Yzerfontein, welke tendens egter die gevolg is van 'n poging om die ongelykhede van die verlede reg te stel, verder word die kapitaal spandering ten opsigte van die parkering by Spar, die haweblad en Volstruislaan elders in die verslag aangespreek met verwysing na die 2015/16 finansiële jare en daarna.

(c) Dat daar kennis geneem word van die versoek van YIV om die R100 000 korting aan ALLE verbruikers deur te gee, maar dat daar vir eers (2014/15) daarmee volstaan word, aangesien die resultaat van voormelde versoek tot 'n verminderde inkomste vir "belasting" tot gevolg sal hê en dan sal die koers weer verhoog moet word om dieselfde belasting inkomste te genereer, veral omdat die R100 000 korting op 'n spesifieke groep – deernis huishoudings – gemik is, soos wat die R200 000 korting gemik is op pensionarisse.

(j) **Tariewe: Minimum basiese tarief op water, vullisverwydering en riolering**

Dat daar kennis geneem word van die voorstel van die YIV ten opsigte van die instel van 'n minimum basiese tarief ten opsigte van water, vullisverwydering en riolering, maar dat dit weens die tydsbeperking na 1 Julie 2014 nie nou ingestel kan word nie, maar dat administrasie opdrag gegee word om ondersoek in te stel na die versoek, welke ondersoek teen die einde van 2014 volvoer moet wees.

(k) **Depresiasie**

Dat daar kennis geneem word van die kommentaar, met inbegrip daarvan dat daar in Desember 2013 met verskeie rolspelers, insluitend YIV gekonsulteer was, maar die oplossing is egter nie so eenvoudig en simplisties soos voorgestel nie, derhalwe word versoek dat die voor- en nadele van die onderskeie toepassings van depresiasie met vakkundige aanbevelings gedurende Oktober 2014 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê word vir oorweging en besluitneming.

2. **TEN AANSIEN VAN DIE ACVV SE VERSOEK VIR DIE OMHEINING VAN 'N ERF IN ABBOTSDALE**

Dat daar kennis geneem word van hierdie dringende behoefte wat gebaseer is op die veiligheid van die kinders en dat weens die feit dat daar nie in die 2014/15 begroting hiervoor voorsiening voor gemaak is nie, die bestuurspan versoek word om deur die loop van die jaar enige besparings op die Kapitaalbegroting ten opsigte van tenders, ens. vir hierdie projek moet toewys en vir regstelling tydens die aansuiweringsbegroting by gebreke waarvan die projek in die 2015/16 finansiële jaar voor begroot moet word.

3. **TEN AANSIEN VAN KOMMENTAAR OP DIE KONSEP KREDIETBEHEER- EN SKULDINVORDERINGSVERORDENING EN –BELEID**

Dat kennis geneem word van die kommentaar wat ontvang is en die gepaardgaande wysigings aan die Kredietbeheer- en Skuldinvorderings-verordening en –beleid vir finale goedkeuring deur die Raad – sien ook item C(d).

4. **PROVINSIALE TESOURIE EN DIE DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE REGERING SE KOMMENTAAR OP SWARTLAND MUNISIPALITEIT SE GOP EN BEGROTING EN DIE SOGENAAMDE LGMTECH 3 INTERAKSIE [Item 3.1 verwys]**

Dat daar kennis geneem word van die voormelde Provinsiale departemente se kommentaar, en dat dank en waardering uitgespreek word vir die oorsigrol en aanbevelings wat gemaak is, met inbegrip daarvan dat die bevindinge nie altyd korrek is nie, of nie in die regte konteks gemaak is nie.

3.2/...

B: **GOEDKEURING VAN DIE AANPASSING OP DIE 2013/2014 AANSUIWERINGSBEGROTING**

(a) Dat kennis geneem word dat die begrote inkomste vermeerder het met bykomende toekennings ontvang, naamlik:

- R100 000 vir die bywoning van Nelson Mandela se gedenkdiens
- R140 306 vir Rampbestuur i.t.v beskadigde huise
- R100 000 vir Sondeza Jeugkamp
- R2 827 000 vanaf Departement van Waterwese

(b) Dat die Raad kennis neem van die impak van voormelde op die -

BEDRYFSBEGROTING

Die begrote bedryfsuitgawes het verhoog met die R140 306 vir Rampbestuur en R100 000 vir die bywoning van Nelson Mandela se gedenkdiens waarvan die befondsing bo ontvang is voor.

Daar was reeds begroot vir die uitgawe ten opsigte van die Sondeza Jeugkamp, maar daar was nie begroot vir 'n eksterne bydra nie.

KAPITAALBEGROTING

Die toekenning van R2 827 000 soos ontvang van Departement van Waterwese het 'n besparing van R2 827 000 meegebring. Die toekenning sal 'n herallokasie in die kapitaalbegroting vir 2013/2014 meebring en sal die verskuiwing in die bron van finansiering plaasvind tussen eksterne skenkings en die kapitaalvervangingsreserwe fonds. Daar is dus geen aanpassing nodig ten opsigte van die eind totale van die aansuiwerings kapitaalbegroting nie. Die bou van paaie word verhoog met R 2 827 000 in 2014/2015 finansiële jaar.

C: GOEDKEURING VAN DIE MEERJARIGE KAPITAAL EN BEDRYFSBEGROTINGS VIR 2014/15, 2015/2016 EN 2016/2017

(a) Dat die Raad die meerjarige kapitaal- en bedryfsbegroting goedkeur, **onderskeidelik ten bedrae van en bronne van finansiering**:

				Histories:	**Tans:**
(1)	**Kapitaalbegroting**	**:**	**2013/2014**	**R 83 479 509**	**R**
	Aansuiwerings Kapitaalbegroting:		**2013/2014**	**R**	**R 91 530 588**
	Kapitaalbegroting	**:**	**2014/2015**	**R**	**R 81 073 971**
	Kapitaalbegroting	**:**	**2015/2016**	**R**	**R 68 210 487**
	Kapitaalbegroting	**:**	**2016/2017**	**R**	**R 63 338 874**
(2)	**Bedryfsbegroting**	**:**			
	Totale Inkomste	**:**	**2013/2014**	**R 466 847 737**	**R**
	Aansuiwerings Inkomstebegroting:		**2013/2014**	**R**	**R 490 710 737**
	Aansuiwerings Inkomstebegroting:		**2013/2014**	**R**	**R 493 878 043**
		:	**2014/2015**	**R**	**R 477 648 231**
		:	**2015/2016**	**R**	**R 517 834 475**
		:	**2016/2017**	**R**	**R 547 332 618**
	Uitgawe	**:**	**2013/2014**	**R 478 880 932**	**R**
	Aansuiwerings Uitgawebegroting		**2013/2014**	**R**	**R 495 083 772**
	Aansuiwerings Uitgawebegroting		**2013/2014**	**R**	**R 495 324 078**
		:	**2014/2015**	**R**	**R 508 577 747**
		:	**2015/2016**	**R**	**R 551 566 657**
		:	**2016/2017**	**R**	**R 595 928 350**
	Surplus/(- Tekort	**:**	**2013/2014**	**-R 12 033 195**	**R**
	Aansuiweringsbegroting:		**2013/2014**	**R**	**-R 4 373 035**
	Aansuiweringsbegroting:		**2013/2014**	**R**	**-R 1 446 035**
		:	**2014/2015**	**R**	**-R 30 929 516**
		:	**2015/2016**	**R**	**-R 33 732 182**
		:	**2016/2017**	**R**	**-R 48 595 732**

3.2/...

(b) Dat die Raad volstaan met die voorgestelde elektrisiteitstariewe wat tydens 27 Maart 2014 aan die Raad voorgelê was, aangesien tot hede Nersa ingebreke gebly het om die finale goedkeuring te gee t.o.v voormelde tariewe wat aan die Raad voorgelê was tydens die 90 dae begroting;

(c) Dat die kapitaal- en bedryfsbegroting ten aansien van die 2014/2015 finansiële jaar ingevolge artikels 16 en 17 van die MFMA voorgelê word en deur die Raad goedgekeur word, met inbegrip van –

(i) Belastings;
(ii) Tariewe (ingesluit die wysigings soos voorgehou deur die Uitvoerende Burgemeester ten opsigte van addisionele bouplangelde en vertoon van plakkate);
(iii) Projeksies van kontantvloei (nou deel van Begrotingsformate);
(iv) Begrotingsverwante beleidsdokumente (ingesluit by Addendum 3):

- Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid;
- Tariefbeleid;
- Eiendomsbelastingsbeleid (met inbegrip van die wysigings soos voorgehou in addendum 3);
- Voorsieningskanaalbestuursbeleid;
- Kontantbestuur- en Beleggingsbeleid;
- Besonderhede ten aansien van beleggings;
- Toelaes en voordele van ampsdraers en personeel met spesifieke verwysing na die pakkette van die bestuurspan;

(d) Dat daar kennis geneem word dat die volgende verordeninge – met inbegrip van die toepaslike beleide wat saam met die begrotingsdokumente vir publieke kommentaar geadverteer was in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselswet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste – deur die Raad goedgekeur word, naamlik:

(i) Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsverordening en –beleid, onderhewig aan die uitsluiting van die implementering van die “een rekening vir die geregistreerde eienaar”, ten einde eers verdere konsultasie met alle rolspelers, ander Nasionale en Provinsiale departemente en ander munisipaliteite – soos Kaapstad – te volvoer;
(ii) Tariefverordeninge en –beleid;
(iii) Eiendomsbelastingsverordeninge en –beleid (met inbegrip van die wysigings soos voorgehou in addendum 3);
(iv) Dat, dank en waardering teenoor die YIV uitgespreek word vir die insette op die eiendomsbelastingsverordening en –beleid.

(e) Dat kennis geneem word dat die Bedryfsbegroting nie syfers insluit in terme van vaste- en werklike kapitaalbydraes en verkope van grond nie, ten einde die Direkteur: Finansiële Dienste in staat te stel om die tariewe met betrekking tot diensterekeninge te bereken;

(f) Dat, as gevolg van onvoldoende fondse, geen voorsiening gemaak kon word vir die delgingstekort met betrekking tot die oorvleueling van die delging van lenings na eksterne banke en die lewensduur van bates nie;

(g) Dat kennis geneem word dat die personeeluitgawes ingevolge nasionale kollektiewe ooreenkomste en dienskontrakte as volg sal verhoog:

(i) ten aansien van alle werknemers, uitgesluit die Munisipale Bestuurders en artikel 56-aanstellings, ‘n verhoging gebaseer op die VPI van 5.7% plus 1%, d.w.s. ‘n 6,7% aanpassing vir 2014/15, ‘n 6% aanpassing vir 2015/2016 en ‘n verwagte aanpassing van 6% vir 2016/2017; (Sedert die konsepbegroting goedgekeur is op 27 Maart 2014, is ‘n aanpassing van 6.79% op salarisverhogings deur die bedingingsraad (SALGBC) goedgekeur)
(ii) ten aansien van die Munisipale Bestuurder en artikel 56-aanstellings, gebaseer op ‘n markverwante verhoging wat jaarliks deur ‘n professionele konsultant (*P E Corporate Services*) bepaal word, ten aansien van die 2014/15 finansiële jaar die volgende aanpassings: Munisipale Bestuurder - 6.18%, Direkteur: Finansiële Dienste - 8.61%, Direkteur: Korporatiewe Dienste - 7.98%, Direkteur: Siviele Ingenieursdienste - 7.93%, Direkteur: Beskermingsdienste - 7.93%, Direkteur: Ontwikkelingsdienste - 7.93% en Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste - 7.93%;

3.2/...

(h) Dat daar volstaan word met die voorgestelde tariewe vir 2014/2015 soos goedgekeur op 27 Maart 2014, waaruit volg dat ‘n gemiddelde verhoging van ongeveer 7% op huishoudings van toepassing sal wees;

(i) Dat die Raad kennis neem van die Direkteur: Finansiële Dienste se kommer ten opsigte van die tekorte in die bedryfsbegroting, asook van die volgende kommerwekkende faktore met verwysing na die ingeslote kontantvloeistaat vir die huidige sowel as die daaropvolgende vier finansiële jare:
(i) die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes wat in jaar 4 en jaar 5 laer daal as die norm wat tussen 4 en 2 behoort te wees;
(ii) die verwagte bedryfstekorte vir 2014/15, 2015/16 en 2016/17 wat onderskeidelik -R 30 929 516, -R 33 732 182 en -R 48 595 732 sal beloop, maar dat voormelde tekorte telkens evalueer word teen die voorafgaande finansiële jaar se finansiële state;

(j) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste versoek word om te voldoen aan die vereistes van die begrotingsdokumentasie ten opsigte van verslagdoening aan die Nasionale en Provinsiale departemente;

(k) Dat, met verwysing na die algemene aanbevelings soos voorgehou deur die Uitvoerende Burgmeester, die bestuurspan opdrag gegee word om ondersoek in te stel ten uitvoering, naamlik:
(i) goedkoper en meer spoedwalle;
(ii) die bou van speelplekke vir kinders met spesiale verwysing na laekoste behuisingsgebiede;
(iii) die aanbring van elektroniese waterbeheerstelsels;
(iv) ‘n vergroeningsprojek vir die Swartland oor die volgende vyf jaar –
- in alle wyke met befondsing uit die wykstoekennings;
- opvoeding aan gemeenskap om rommelstrooi te bekamp of te voorkom moet deelgemaak word van vergroeningsprojek;
- aanplant van ‘n groot aantal bome, in oorleg met gemeenskap oor waar dit aangeplant moet word;

(v) die instelling van ‘n Swartland Ontwikkelingskomitee wat die volgende moet doen –
- bevordering van plaaslike ekonomiese ontwikkeling (LED);
- opstel van ‘n plan en toesien dat besighede na die Swartland gelok word;
- toesien oor die estetika van geboue vir alle soorte beplanning en ontwikkelings in die Swartland (privaat persone kan ook op die komitee dien);
- toesien dat volhoubare ontwikkeling – waar die mens, ekonomie en omgewing streng in ag geneem word – bevorder word;

(vi) aanbring van voorafvervaardigde bushokkies op aangewese plekke;
(vii) ondersoek na die onderhoud van paaie om sekere paaie se leeftyd te verleng deur die gebruik van alternatiewe herseelmetodes, byvoorbeeld verdunde emulsie te spuit, of ‘n flodder toe te pas, insluitend kraakvulling;
(viii) om vir die volgende vyf jaar die herseel van paaie jaarliks weer in die kapitaalbegroting in te sluit;
(ix) die aanbring van “Welkom in die Swartland”-borde op alle belangrike grense of roetes, waar moontlik;
(x) die dringende afhandeling van die oordrag van eiendomme wat nog in die naam van die Munisipaliteit geregistreer is aan die huidige bewoners voor 31 Desember 2014, ten einde die transportakte aan eienaars te kan oorhandig.

GETEKEN:
SPEAKER